# UIT DIE PAPPOT



AUGUSTUS 2009

# INHOUDSOPGAWE


2. Redaktrise brief

3. Woord gespreuk deur die Voorsitter

4. Uur van die horlosie

5. Kweek 'n plantjie

6. Tuinbou

7. ……. vervolg

8. Buffelfees

9. ……. vervolg

10. "Moderne Psalm 23"

11. …..vervolg

12. Foto's Klein Kariba

13. Klein Kariba Bonanza

14. Die Woord – Die Bybel – Die Waarheid

15. 'n Bietjie hiervan en 'n Bietjie Daarvan

16. Tradisionele geskenklys

17. Lente Drankie

18. Maak u eie oprybruggie

19. Ken mekaar hoekie

20. Jannie se Kerk

# REDAKSIE BRIEF

*Ek hoop julle geniet die pappot en dat elkeen iets hieruit kan put. Hoe meer ek aan die een werk hoe meer hardloop my gedagtus en idees vir die volgende .... want soos oom Koos ook genoem het dink ons om 'n "glansblad" van die laaste pappot uitgawe te maak. Ons wil groot gaan, dit sal 'n lekker 'groot' herrinnering en herdenking wees vir die feesjaar. Maar die ding moet kom van almal....so kom met die artikels en voorstelle en maak dit 'n groote.*

*Ek wil net se vir die jaar wat ek redaktrise was, was dit vir my baie lekker en dankie aan almal wat gehelp het, miskien weet jy dit nie maar deur dinge wat gese word kry ek idees vir 'n lekker sappige pappot.*

*Tot volgende keer (as daar weer een is)*

*Melanie*

*Cell: 0823986466 /Fax: 014-5654346 /Email: melri@vodamail.co.za*

As jy Moeg en Moedeloos voel, is hierdie die enigste raad vir jou..



# WOORD GESPREUK DEUR VOORSITTER

Dagse Kosmossante,

Dit is weer vir my lekker om 'n paar woorde te kan se rondom die verwikkelinge rondom Kosmos

Ek hoop van harte dat die winter nou verby is, want ons het darem baie koud gekry op 'n paar van ons saamtrekke, maar nogtans is ons daar. Ons het wel een van die saamtrekke aftgestel omdat ons gedink het dat dit koud gaan wees (vra maar ons ondervoorsitter) maar dan reel ons maar net weer 'n ander een ook in die koue ( ne Johnny) Maar ek sien nogtans uit na 'n lekker kamp waar ons weer in kortbroek en plakkies kan rondloop en saambraai sonder dat almal in komberse toegedraai langs die vuur sit.

Ek wil nie baie uitbrei nie want as julle hierdie verslag kry is die AJV al erby. Ek sal weer 'n volledige verslag oor ons doen en late in die laaste uitgawe van 2009 gee. Maar ek wil van die geleentheid gebruik maak om aan my mede-bestuurslede 'n woord van dank uit te spreek vir hulle harde werk en ondersteuning deur die jaar. In die besonder ook vir Melanie met haar goeie weergawe van ons vorige Pappot dit was baie god gedoen, die foto's was besonders. Ek en Melanie ondersoek die moontlikheid om die volgende Pappot as 'n glansuitgawe uit te gee en ook as deel van SAWA se 40 jaar feesjaar. Indien ons by die minister van finansies gaan verby kom. In hierdie verband vra Melanie ook julle samewerking en baie inligting om ook daar in haar doel te slaag.

Met hierdie nuus sluit ek af, na die AJV beplan ons weer verder

Koos en Leonora



## Elke uur van die horlosie het 'n boodskap.

**EENUUR** se vir my ek leef net een maal en daarom moet ek die lewe waardeer en my tyd hier op aarde reg gebruik.

**TWEE-UUR** se ek het twee ouers wat ek moet eer en liefhe en gehoorsaam.

**DRIE-UUR** herinner my aan die Drie-enige God wat ek met my hele hart moet dien.

**VIERUUR** herineer my an die vier windstreke en dat waar ek ook al mag gaan ek die Hemel se kompas (die Bybel) nodig het om vir my rigting aan te dui.

**VYFUUR** dui op die vyf vingers aan elke hand waarmee ek moet werk om my brood eerlik te verdien en diensbaar moet wees vir die Here.

**SESUUR** se vir my ek moet my pligte getrou nakom en ses dae van die week werk....

**SEWE-UUR** se vir my dat ek op die sewende dag moet rus.

**AGTUUR** laat my dink aan die agt siele in Noag se ark wat in die sondvloed behoue gebly het, en dat ek net so behoue sal bly as ek by Christus skuiling soek.


**NEGE-UUR** herinner my aan die nege melaatses wat nie teruggekom het om die Here te bedank nadat hulle gesond geword het nie en maan my om dankbaar te wees vir al die goeie dinge wat ek uit Sy hand ontvang

**TIENUUR** herinner my aan so baie mense wat tot elfder uur uitself om hulle te bekeer en dan onverwags te sterwe kom.

**TWAALFUUR** se vir my die genadetyd is haas verby..Om middernag kom die Bruidegom en ek moet sorg dat ek nie agterbly as Hy Sy kinders kom haal nie.

# ***Kweek 'n Plantjie***

Benodig: 'n Eierhouer, Skoendoos, Potgrond en saadjies – kruie of blommetjies



1. Maak klein dreinering gaatjies in eierhouer

2. Maak 2/3 vol met potplantgrond, druk vas en gooi nat.

3. Gooi paar saadjies bo-op grond.

4. Bedek met dun lagie potgrond. Druk grond liggies vas en maak weer nat.

5. Sit eierhouer in skoendoos en bedek met kleefplastiek

6. Sit op warm plek neer

7. Haal plastiek af sodra plantjies ontkiem het en gee nou gereeld water.

8. Plant uit wanneer groot genoeg.

# Tuin Bou

## *SEPTEMBER*

*Boomplantdag – 7 September*

Spuit appel, peer, appelkoos, perske en priumbome vir kodlingmot. Spuit as kroonblare van bloeisels afgeval het en herhaal elke 3 maande. Spuit ook teen vrugtevlieg.

Plant dahlias van nuwe lote. Spuit leeubekkies, stokrose en malvas teen roes. Gebruik Dithane of Funginex. Trek winterblommende eenjariges uit.

Bemes grasperke minstens een maal per maand en maak goed nat. Bemes steeds bolle wat klaar geblom het. Knip blare wat verbruin het af.

Saai kruie of verdeel gevestigde kruie.

Groente – Saai wortels, kool, komkommer, spanspek, tamaties, kopslaai, beet, broccoli, aspersies, rankbone

NOTA: Clivia skou – Pretoria 8-9 September

## *OKTOBER*

Saai meer – en tweejarige plante. Verwyder dooie roosknoppe en bemes gereeld. Gee struike en bome een keer per week water.

Gee vrugtebomme tweede toediening kunsmis wanneer vrugte begin uitswel.

Hou tuin dop vir insekte en spuit waar nodig

Groente kan nog gesaai word.

# ***NOVEMBER***

Maak sagtehoud stiggies van gousblomme. Verdeel irisse sodra klaar geblom het. Gee elke kanna een el. 2:3:2

Rose: Spuit elke 10 -14 dae, lote en knoppe met karbaspray of ripcord vir bolwurm.

Grasperke moet goed natgemaak en bemes word.

Tamaties moet een maal per week teen swamsiektes gespuit word. Bind nuwe lote op. Spuit een maal per week lokaas vir pampoenvliee oor komkommers, murgpampoene, pampoene en spanspekke.

Gee frambose 'n deklaag kompos van 60gm 2:3:2 per meter.

Saai jaarplante wat in die winter blom, soos anemone, krulkool, renonkels ens.

Saai meerjarige plante – akelei, angeliere, bergonia, gousblomme, kattekruid, luprene, ens.

Spit irisse uit nadat klaar geblom en verdeel. Spit lente bolle uit en bespuit met swael voordat hulle gebere word.

Spuit rose en vrugtebome gereeld.



# BUFFELFEES

31 Julie – 2 August

Sulke tyd was dit alweer, en was die optog na Buffelspoort om te organize met die staanplekke vir die woonwaens tydens die Buffelfees. Al ons goetertjies was in plek, die klein Gert kan darm vir jou die ding netjies doen, en het ons op aandag gestaan Vrydag vir die aankoms van al die waens. Sjerrie, glasies, koeverte en alles het reggestaan, en ja toe staan ons behoorlik op aandag. Maar wil ek 'n klip in die bos gooi!!! Mense wat kom kamp het seker baie stress of iets, want dis 'n lot onvriendelike ouens wat arriveer, suur gesigte seg ek vir julle. SAWA outjies het darem lekker gesmile nadat hulle hulle sjerrietjie gekry het; het dit later oorweeg ommaar vir almal 'n kelkie te gee, wonder of hulle gedink het hulle moet betaal of iets. Maar dit daar gelaat

Die ouens wat kom kamp het het later gewys dat hulle 'n brawe komp is, want hulle het skaars hulle plek in orde gehad, of die koue het toegesak; maar hulle se mos 'n ware "camper" gee nie om vir koue, reen of sneeu nie, want as hulle wil kamp wil hulle kamp. Buitendien geen koue is bestand teen 'n Old Brown sjerrietjie nie, of wat se ek alles.







Saterdag het baie koud en baie nat begin. In stede van rye stalletjies buite, moes daar binne in die saal plek ingeruim word vir die verkope van produkte, kos, pannekoek ens. Nogal ewe cosy kon die mense toe ietsie hap terwyl hulle na die kunstenaars luister.

Planne word reeds beraam vir volgende jaar se Buffelfees, as ons die lewe hou, m.a.w. gaan ons nog 'n slag die fees aanpak, met durf en ywer.

Sondag, na die Kerkdiens en daarna Kosmos se afsluiting, (sommer in die waskamer) was dit weereens tyd om die tentpale te laat val, aangesiend dit tyd was om huiswaarts te keer.



Groete tot volgende keer by Potch dam – Marthie van Breda

# MODERNE PSALM 23
# VIR ALMAL WAT WERK

DIE HERE IS MY EINTLIKE BAAS
EK KOM NIKS KORT NIE.

HY MAAK MY RUSTIG,
AL IS DAAR CHAOS RONDOM MY.

HY BRING MY BY WATERS WAAR DAAR VREDE IS,
AL WOED DIE "SITUASIES" RONDOM MY.

HY GEE MY TELKENS NUWE KRAG
WANNEER DIE WERK / LAS EN DIE
VERANTWOORDELIKHEDE MY WIL OORWELDIG.

WANNEER DIE GEVAARLIKE WEË VAN KORRUPSIE
VIR MY WINK,
LEI HY MY TOT SY EER OP DIE REGTE PAD.

SELFS AL GAAN EK DEUR DIE DONKER DIEPTES VAN
ONTELBARE E-POSSE, REKENAARS EN
NETWERKE WAT 'OPPAK'
DIE RUGSTEKERY VAN KOLLEGAS,
BESTUURDERS, BEGROTINGS EN PERSOONLIKE SEER
AANGELEENTHEID,

'N MOEË LIGGAAM WAT EK SOGGENS
UIT DIE BED MOET SLEEP,

EN WAT SKYNBAAR NIE MEER SO
SKERP IS SOOS VOORHEEN NIE,
SAL EK NIE BANG WEES NIE,
WANT U IS MET MY
IN U HANDE IS EK VEILIG.

U LAAT MY BY DIE FEESMAAL VAN
U LIEFDE AANSIT,
SELFS AL DREIG DIE WERELD MY
MET DIE EKONOMIE
OF WAT OOK AL DIE SITUASIE,

U ONTVANG MY SOOS 'N EREGAS
SELFS AL WORD EK TELKENS OOR
DIE HOOF GESIEN DEUR MEDEKOLLEGAS OF SELFS
MENSE NA AAN MY,

EK WORD OORLAAI MET U HARTLIKHEID
AL ONTVANG EK WEINIG ERKENING VIR MY HARDE WERK
U GOEDHEID EN LIEFDE IS VIR MY MEER WERD,
AS ENIGE BONUSTJEK,
WANT DIT SAL MY LEWE LANK BY MY BLY.
AL IS MY MEDIESE VOORDELE EN
MY PENSIOEN MAAR SKRAPS,
SAL EK TOT IN LENGTE VAN DAE BY U TUIS WEES,
IN DIE EWIGE AFTREE-OORD
WAT U VIR MY BELOOF.












ROCKING

# *KLEIN KARIBA – BONANZA*

Ten spyte van die snerpende koue het die klomp Sawante mos besluit om na die Bonanza (Klein Kariba) saamtrek te gaan. Die woonwaens was swaar weens die ekstra komberse, verwarmers en enige ander ding om te help teen die wind en weer. (....onthou, julle het **woonwaens**..want karavane is komp kamele wat deur die woestyn trek...!!)

Tannie Mart ("ou karvaainkie"), Johnny ("dominee") & Alma ("ou moeder hen") besluit om "good Samaritans" te wes en hulle gaan jaag ape wat ons bure se tent omkeer....lyk toe amper of die goeie daad meer lyk of die samaritane eerder die bure se kos wou wegdra as wat die ape dit wou doen...Die diere het omtrent baljaar in Marius en Louis (Schoonspruit se gaste) se tente.....sjoe!

Petro ("ek het nie 'n saak nie") het snuif snuif (weens haar verkoue...dalk die nat gras....?) gekamp en Deon ("saait menieger") het ver gery om by sy vriende en familie te wees.

Saterdag middag het die klompie in die warm water gaan swen en was dit nou 'n fees! Daar was nou nie olimpiese swemmers behalwe vir Yolandi & Carel ("die blou bul paar") maar almal het heerlik baljaar in die warm bron water....Yolandi is ook mos 'n blou bul, ne......???????

Coen ('maak my 'n bod') en Johnny was baie bak-af oor die Cheetah's se vertoning, maar die res was tevrede met hulle span. Danksy die Thys & Stien ("altyd georginaais") kon ons die rugby almal saam geniet. Melanie ('pappot'), dis mooi om by Coen te staan....al verloor die Cheetahs....elke Saterdag....Oom Lokkie (Varsbrood korsie) was ook weer op sy stukke met al sy kwinkslae...doen so voort...oompie...ons geniet dit.....!!!

Kosmos groete van: Paddatjie

# DIE WOORD – DIE BYBEL – DIE WAARHEID

## DRA MEKAAR SE LASTE

**Lees: Galasiers 6: 1 – 10**
**Fokus: Vers 2**

Ons natuurlike neiging is om aan ander dieselfde te doen as wat hulle aan ons doen. As iemand aan my goed doen dan is ek bereid om iets goeds vir hom terug te doen. Maar as iemand my kwaad aandoen, vergeld ek kwaad met kwaad. Ons is ook geneig om iemand wat in een of ander sonde geval het, te veroordeel. Nog erger, ons is geneig om te dink ons is beter! Aan hierdie sondige neigings moet ons nie toegee nie. Die Heilige Gees leer ons om nie toe te gee aan ons natuurlike geaardheid om altyd te vergeld nie. Hy stel ons in staat om ons gedrag deur die wil van die Here te laat bepaal. Die Here het ons vrygekoop van liefdelooshed, selfsug en vergelding. Die Heilige Gees leer ons ook om nie onsself in eiegeregtigheid bo ander te verhef nie. Nee, ons besef dat ons die verantwoordelikheid het om ons medemens met liefde te bedien. Ons moet aan almal goed doen, veral aan medegelowiges.

Ons het mekaar immers nodig, want ons is swak en die verleiding van die duiwel is gevvarlik en vals. God wil jou gebruik om medegelowiges met sagmoedigheid reg te help. Net so wil Hy ander gebruik om medegelowiges met sagmoedigheid reg te help. Net so wil Hy ander gebruik om jou by te staan waar jy swak is en faal. God het ons vrygekoop uit die mag van die duiwel, sodat ons instrumente in sy hand kan wees. Daarom moet ons mekaar in liefde dien. As God se instrumente wil Hy ons gebruik om sy liefde aan mense te bewys. Jesus het immers gese: "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle disipels van my is" (Johannes 13:35). So wil God ons staande hou in ons aardse stryd. Eendag, in volle heerlikheid, sal daar 'n einde kom aan hierdie swakhede en verleiding.

Oom Piet

## SKOTTELGOEDSEEP

400g waspoeier
750ml vloeibare skottelgoedseep
250ml suurlemoensap
500ml kookwater
250ml brandspiritus
5 liter koue water

Voeg die waspoeier by kookwater en roer dit tot 'n pasta. Laat afkoel. Los die skottelgoedseep, brandspiritus en suurlemoensap indie koue water op. Voeg die waspoeierpasta by en roer tot dit goed gemeng is. Bottel die owasmiddel en verseel dit.

## VLOEIBARE MEUBELPOLITOER

250 ml rou lynolie (om die hout te voed)
125 ml bruinasyn (om skoon te maak)
250 ml terpentyn (om vet te verwyder)
125 ml brandspiritus (om glans te gee)

Giet die bestanddele in 'n bottel en skud dit goed voor gebruik. Smeer die politoer dun aan die meubels en laat dit ongeveer 'n kwartier aanbly voordat dit op die gewone manier met 'n sagte lap blink gevryf word.

## WASMENGSEL VIR KOMBERSE

Vermeng 675g waspoeier, 250ml brandspiritus en 20ml bloekomolie en bewaar dit in 'n digte houer. Los 'n koppievol van die seepmengsel in 'n bad water op en week vuil komberse 'n rukkie daarin. Druk-druk die komberse dat dit goed deurweek kan word. Spoel komberse in skoon water uit en hang dit op om droog te word.

Nota: Die boekomolie in die mengsel laat nie net die komberse skoon en vars ruik nie, maar verdryf ook silwermotte.

# *TRADISIONELE GESKENKLYS*

My ouma het hierdie rympie uit haar kop geken en Oupa is gereeld vir die wis en die onwis daarop getrakteer.

- Vir *1* is dit ***papier***, waarop jy kan skryf
- vir *2* is dit ***katoen***, wit en gestyf
- Vir *3* vra jy ***leer***, 'n handsak of tas
- en op *4* kry jy ***boeke***, enige temas.
- *5* is vir ***hout***, 'n kis vol drome,
- *6* vir ***yster***, seker en volkome.
- Op *7* is daar ***wol***, sag en warm.
- En *8* vra vir ***brons***, glad nie arm.
- *Koper* is by *9* en ***sink*** is vir *10*.

As jy hier uitkom het jy alles verdien!!

- By *11* kry jy ***staal***, blink en gepoets,
- en *12* is weer ***sy***, 'n sagter toets.
- Vir 'n rok kry jy op *13* ***kant***
- en *14* is ***ivoor*** (liefs nog steeds aan die olifant).
- By *15* gekom verdien jy ***kristal***,
- en *20* gee ***porselein*** - male sonder tal.
- *25* is ***silwer***, baie geluk,
- by *30* is dit ***perels***, uit oesters gepluk.
- *35* is ***koraal***, diep uit die see
- en *40* is ***robyne***, dit voer jou mee.
- *45* is groot, dit verdien ***saffier***,
- en *50* gee ***goud*** - julle's eindelik hier!
- By *60* gekom skitter ***diamant***.
- Vir die bittereinders is dit nie te lank en as jul *70* haal - bravo!

***Platinum*** vir albei, hou die blink kant bo!

# LENTE DRANKIE

## *GEMMERBIER*

20 ml gemaalde gemmer
1.6 kg wit suiker
10 g aktiewe droegis
10 ml wynsteensuur
10 liter lou water
150 g rosyne
10 ml kremetart

Voeg die gemmer by die water en suiker en roer tot die suiker opgelos is. Voeg die res van die bestanddele by. Giet die mengsel in 'n plastiekemmer met 'n deksel en laat dit 24 uur lank gis. Syg die bier daarna deur en giet die flitraat in gesteriliseerde bottels. Moenie die bottels te vol maak nie. Plaas 2 tot 3 van die rosyne in elke bottel en draai die proppe lossies vas. Laat die bier 'n dag of twee by kamertemperatuur gis voodat dit in die koelkas bewaar word.







# Hoe om u eie oprybruggie te maak

## Materiaal en gereedskap:

- 3 houtplanke, elk 20mm dik x 160-180mm breed
  Lengtes: 900mm, 600mm en 300mm onderskeidelik.
- Boor met boorpunt
- Houtsaak of figuursaag
- Skroewe of spykers
- Versink-boorpunt
- Houtvernis en verfkwas (opsioneel)

## Metode:

1. Werk albei ente van elke plank af om ‘n 45 hoek te vorm.
2. Plaas die 900mm-lang plank op jou werksbank en sit die 600mm-lang plank bo-op, met die ent van die boonste plank oor die ent van die onderste plank. Maak seker dat die 45 – afgewerkte ente van die twee planke aaneenloop.
3. Spyker of skroef die twee planke aanmekaar.
4. Herhaal die stappe hierbo met die derde plank. Plaas die 300 mm-lang plank bo-op die ander twee, en lyn die een ent se 45 – afwerking op met die ander twee planke s’n.
5. Spyker of skrof die derde plank aan die ander twee vas.
6. Vernis die hout om dit te seel.
7. Heg ‘n aluminiumplaat aan die onderkant vas.

# KEN MEKAAR HOEKIE




Ek het 'n bietjie gaan klop aan ons voorsitters paar se deur om te sien waar het alles vir hulle begin....

Algemene inligting is soos volg:
Koos Schonefelt – geboorte datum: 23 November 1954
Sy sitvlak was in Koster Laer en Hoerskool op die skoolbanke.
Leonora Schonefelt – geboorte datum: 7 Augustus 1954
Haar skool jare was in Randfontein.
Daar is twee kinderstjies (ook nie meer "kindertjies" nie maar al grootmense) Yolandi (1979/07/15) en Kobus (1982/02/14)

Hulle het ontmoet by die werk (dankie oom Koos, maar by watter werk?), darem volgens tannie Leonora op Koster by Stefanie Eng. "Afgehaak" op 6 Maart 1976 en vir die afgelope 33 jaar nog bymekaar. Dit lyk my dit is "ruik" mense die want tannie Leonora werk nie en oom Koos sit op die stoep...ek wonder wat doen oupa daar op die stoep.Die ekonomiese "toestand" het nog geen invloed nie, maar tog met 'n kamp is daar 'n gemis van 'n lekker warm kombers en oom Koos mis sy badkamer die meeste in die winter as hy moet gaan .......

Hulle gunsteling kamp....is "kamp" en dan pap en braaivleis is die in ding vir 'n naweek se lekker eet. Die kampery kom nou so 6 en half jaar en die "buck" wat hulle gebyt het, het oor gekom van Johan Meyer.

'n Lekker kamp wenk is om nie "iets" by die huis te vergeet nie maar soos tannie Leonora se dit is nie 'n wenk nie dit is al 'n gewoonte by haar. (Dit is seker hoekom oom Koos altyd so kla sy wa is so swaar....lyk my die huis gaan saam dat daar geen gemis is nie)

O en verleenthede op 'n kamp lyk my is nie baie nie, behalwe vir die 'een' van oom Koos wat ek dink almal kan onthou....ai, ons was darem ywerig om dankie te se vir die dominie ....jammer hy was nog nie klaar nie....!!!!

Mense .... Sout van die aarde!!!!



Jannie se ma loer deur die venster.
Jannie en sy kat is besig om Kerk Kerk te speel.
Hy sit daar stil en preek vir die kat.
Glimlaggend draai sy om en gaan aan met haar werk.
Die volgende wat sy hoor is 'n vreeslike ge-remoer,
dit muaaw en blaas
- dit is 'n vreeslike gedoente!!!
Sy hardloop terug en sien Jannie is besig om die
Kat te DOOP in 'n bad water.
"STOP DIT!" SKREE SY VIR JANNIE" die Kat is bang vir die water"
Rustig kyk Jannie op en antwoord sy ma:
"Hy moes daaraan gedink het voordat hy by my Kerk aangesluit het!"



# VERJAARSDAE

## September

12 Gellies Meyer
Petro de Beer
14 Engela Benysschen
17 Gerhardt Filmalter
20 Henriette de Toit

***Troudag**: 13 Sept – Carel & Yolandi le Roux*

## Oktober

27 Gert Meyer (Jnr)

***Troudag**: 2 Okt – Riaan & Annetjie Venter*
*3Okt – Sakkie en Lientjie Filmalter*

## November

2 Annetjie Venter
10 Melanie Strydom
13 Riaan Venter
23 Koos Schonefeld

***Troudag**: 21 Nov – Tom & Linda Zietsman*

## Desember

3 Thys de Beer
11 Carel le Roux
16 Sune Zietsman
21 Dawie denysschen
30 Piet Naude

***Troudag**: 6 Des – Uys & Kobie Jonker*
*7 Des – Johan & Brenda van Eeden*
*14 Des – Lokkie & Marthie van Breda*
*31 Des – Thys & Stienie de Beer*

## VOORSITTER



Koos Schonefeld
Posbus 338
Koster
0348
(h) 014 – 543 2161
(w) 014 – 543 2296
(s) 083 622 3331
(f) 014 – 543 2279
e-mail: [illegible]@fg.net

## ONDERVOORSITTER



Thys de Beer
Posbus 2914
Rustenburg
0300
(h) 014 – 533 2889
(s) 083 354 0925
e-mail: [illegible]@vodamail.co.za

## SEKRETARIS



Gert Meyer
Posbus 913
Lichtenburg
0060
(h) 011 – 239 1918
(w) 011 – 239 5622
(s) 084 572 3758
(f) 011 – 239 5811
e-mail:
[illegible].co.za

## TESSOURIER



Piet Nkuta
Die Uitspanning No. 1
De Wetstraat 64
Koster
0348
(s) 082 377 1726
e-mail: [illegible]@fg.net



Deon de Beer
Posbus 2914
Rustenburg
0300
e-mail: deon@[illegible].co.za




Johan Meyer
Nestjie Straat
Meringspark
Klerksdorp
2571
e-mail:
[illegible].co.za

## ADDISIONELE LEDE




Salome Pienaar
Kroonbekerweg
Cashan 323
Rustenburg
e-mail: [illegible]@[illegible].co.za



Lokkie van Breda
Posbus 2663
Potchefstroom
2520
e-mail: marthie@[illegible].co.za

## SENIOR BURGER



Marthie van Breda
Posbus 2663
Potchefstroom
2520
e-mail:
marthie@[illegible].co.za



## REDAKTRISE

Melanie de Beer
Posbus 2914
Rustenburg
0300
(s) 082 398 8466
e-mail: [illegible]@vodamail.co.za